# Module 4-opsomming

## Buitelandse valuta

## Opsomming

### Hoofstuk 1: Buitelandse valuta en die waarde daarvan vir die Suid-Afrikaanse ekonomie

#### Eenheid 1: Sleutelbegrippe in buitelandse valuta

- Geldeenheid verwys na die belangrikste note en munte wat as ruilmiddel in 'n bepaalde land gebruik word.
- Plaaslike geldeenheid is die geldeenheid wat deur die burgers van 'n bepaalde land gebruik word. Byvoorbeeld, in Suid-Afrika is die plaaslike geldeenheid Suid-Afrikaanse rand (R).
- Buitelandse geldeenheid is die geld van 'n ander land.
- Buitelandse valuta is om die geldeenheid van een land vir sy ekwivalente waarde in 'n ander (buitelandse) geldeenheid uit te ruil.
- Wisselkoers is die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot ander geldeenhede. Die wisselkoers is die prys (die koers) waarteen een geldeenheid vir 'n ander uitgeruil word.
- Informele fluktuasies verwys na wisselkoerse wat wissel volgens die aanbod van die plaaslike geldeenheid en die aanvraag van toeriste daarna.

#### Eenheid 2: Vernaamste geldeenhede in die wêreld

| Land | Geldeenheid-kode | Eenheid | Simbool |
|---|---|---|---|
| Australië | AUD | Australiese dollar | A$ |
| Euro-sone | EUR | Euro | € |
| Japan | JPY | Japannese jen | ¥ |
| Suid-Afrika | ZAR | Suid-Afrikaanse rand | R |
| Verenigde Koninkryk | GBP | Britse pond | £ |
| Verenigde State van Amerika | USD | VSA dollar | $ |

#### Eenheid 3: Geriewe waar buitelandse valuta geruil kan word

- Buitelandsevaluta – handelaar (of bureaux de change)
- Handelsbanke en outomatiese tellermasjiene (OTM's)
- Groot hotelle, vakansie-oorde en luukse toerskepe

### Hoofstuk 2: Interpretasie en omsetting van belangrike buitelandse geldeenhede

#### Eenheid 1: Omsetting van belangrike buitelandse geldeenhede na Suid-Afrikaanse rand

Die wisselkoers van 'n geldeenheid is die prys van een geldeenheid uitgedruk in terme van 'n ander geldeenheid. Dit is die prys waarteen iemand buitelandse valuta met hul plaaslike geldeenheid kan koop. Buitelandse besoekers aan Suid-Afrika gebruik die wisselkoers om uit te werk hoeveel rand hulle vir hul plaaslike geldeenheid kan koop.

#### Eenheid 2: Interpretasie van valutakoersbladsye

Buitelandse valuta-handelaars kry die wisselkoerse daagliks in die vorm van 'n valutakoersbladsy.

## Hersiening

1.1 Watter van die volgende is NIE 'n fasiliteit waar valuta uitgeruil kan word nie?

A handelsbanke en OTM's

B groot hotelle en vakansie-oorde

C aan boord van vliegtuie

D buitelandsevaluta-handelaars (1)

1.2 Die naam wat aan gelduitruilfasiliteite by lughawens en in winkelsentrums gegee word. (1)

1.3 Die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot ander. (1)

1.4 'n Ander land se geld. (1)

2 'n Suid-Afrikaanse sakeman is op pad na 'n konferensie in die VSA. Hy het R15 000 se valuta nodig vir sakgeld en uitgawes.

2.1 Lys die fasiliteite waar hy geld kan uitruil. (6)

2.2 Teen 'n koers van R8,86 tot VSA$1, bereken tot twee desimale punte hoeveel die sakeman nodig gaan hê? (5)

**Totale punte = 15**

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.